higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ARGITEKTONIESE GRAFIKA EN TEGNOLOGIE

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 3

XX Februarie 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
1.1.1 Waar
1.1.2 Onwaar
1.1.3 Onwaar
1.1.4 Waar
1.1.5 Waar
1.1.6 Waar
1.1.7 Waar
1.1.8 Waar
1.1.9 Waar
1.1.10 Onwaar

(10 × 1) (10)

1.2
- Aannames oor die kliënt se behoeftes en verwagtinge
- Frustrasie, woede en konflik
- Fisiese hindernisse soos 'n geraas
- Kultuurverskille en persepsies
- Taalhindernisse (5)

[15]

VRAAG 2

2.1
2.1.1 5177
2.1.2 Simonstad
2.1.3 10311/1985
2.1.4 454 m^2
2.1.5 DJW Forsyth
2.1.6 PLS1029
2.1.7 April 2009

(7 × 1) (7)

2.2 Die posisie en diepte van die munisipale rioolverbinding is kritieke inligting wat nodig is om die rioollyn✓ te verbind. Dit is moontlik dat daar in 'n landelike gebied geen munisipale rioolverbinding✓ is nie. In so 'n geval moet 'n septiese tenk en syferput gebou word om met afvalwater en riool weg te doen. ✓ (3)

[10]

VRAAG 3

3.1
A – 13
B – 8
C – 3
D – 10
E – 5
F – 2
G – 11
H – 1
I – 14
J – 9
K – 6
L – 4
M – 12
N – 7 (14)

3.2
3.2.1 E
3.2.2 A
3.2.3 D
3.2.4 B
3.2.5 C
(5 × 1) (5)

3.3
- 1:2
- 1:5
- 1:10
- 1:20
- 1:50 (5)

3.4 3.4.1 Boboubaksteenwerk sluit mure, vensters, deure en baksteenwerk bokant fondamente✓ in wat deel van 'n huis uitmaak.✓

3.4.2 Fondamentbaksteenwerk is deel van die gebou of muur wat die bobou ondersteun.

3.4.3 Opvulling is die vervanging van grond in 'n sloot om en teenaan 'n kelderfondament.
(3 × 2) (6)

3.5 Die kleiner skaal van groter tekeninge laat nie afmetings✓ van kleiner kenmerke toe✓ nie en daarom word 'n duidelike aansig van die komponente binne die detailvlak✓ verskaf. Dit is belangrik om hierdie vergrootte detail✓ te gebruik voordat daar gepoog word om die gebou op te rig.✓ (5)
[35]

VRAAG 4

4.1 Die dakkappe oor 'n dubbelvlakholmuur word gewoonlik deur die binneste vlak van die baksteenwerk✓ ondersteun. Al wanneer die dakkappe deur die buitenste vlak van baksteenwerk ondersteun moet word is wanneer die dakhelling baie styl✓ (meer as 45°) is en die buitenste vlak van die baksteenwerk in die pad is van die endte van die dakkappe.✓ (3)

4.2 'n Muurplaat is 'n houtdeel wat plat op die steunmuur gelê word.✓ Die dakkap rus daarop.✓ Die muurplaat word gebruik om die draagvlak waterpas te maak en om die gewig van die dak gelyk oor 'n groot oppervlak te versprei.✓ (3)

4.3 **Voordele**

- Die dakkappe is meer ekonomies omdat daar minder laste is, minder hout gebruik word en daar nie vermorsing op die terrein is nie.
- Konstruksietyd word gespaar omdat hierdie dakkappe gewoonlik vooraf vervaardig word.
- Voorafvervaardigde dakkappe is professioneel ontwerp en gewaarborg.

Nadele

- Hierdie dakkappe kan slegs in fabrieke of dakkap-aanlegte vervaardig word.
- Dit kan nie gewysig word sonder dat 'n bekwame persoon geraadpleeg word nie.
- Dit is kritiek dat die korrekte spesifikasies aan die vervaardiger verskaf word om vermorsing te voorkom. (Enige 2 + enige 2) (4)

4.4

- Lugversorgingsleidings en -eenhede
- Kombuissuigwaaierkappe
- Watertenks, waterverwarmers en sonwaterverhitters
- Solderlaste
- Waterpype
- Onbeweeglike of skuiframe
- Teaterligte of X-straaleenhede in hospitale
- Onbeweeglike of skuifdeure (heelmuur) (Enige 5 × 1) (5)

4.5 4.5.1 In rasioneel ontwerpte dakke word dakkappe gebruik wat volgens wetenskaplike berekeninge✓ deur ingenieurs ontwerp is. 'n Voorbeeld van 'n rasioneel ontwerpte dak is een wat verbindingsplate gebruik.✓ (2)

4.5.2 Dakontwerpe wat gedoen word om aan behoeftes te voldoen word met verloop van tyd en op grond van waarneming en ervaring✓ deur vakmanne ontwikkel. Dit staan ook as empiriese ontwerp✓ bekend. Wanneer 'n dakkap aan empiriese reëls voldoen, word dit beskou as om aan behoeftes te voldoen.✓ (3)

4.6

- Gewel-tot-gewel-dakstruktuur
- Skilddakstruktuur
- Enkelhellingdakstruktuur
- Platdakstruktuur
- Keëldakstruktuur (5)

[25]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 'n Spilvenster is 'n eenheid met 'n vensterraam wat aan spille aan weerskante of aan die bo- en onderkant van die vensterraam✓ oop en toe swaai.✓

5.1.2 'n Vlakdeur word van twee vlakke vervaardig wat met 'n styl en relingraam om die omtrek geskei is.✓ Vlakdeure kan met hol of soliede kerne vervaardig word.✓

(2 × 2) (4)

5.2
- Laat natuurlike lig in die vertrek in
- Beskerm die vertrek teen die weer
- Hou hitte in en koue uit die vertrek (3)

5.3



(8)

[15]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou